1KONINGS 17-18:6 NGK MIEDERPARK 11/4/10
TEMA: DIE HERE GEE KRAG Ds Okkie Cilliers

Ek en my gesin gaan persoonlik en geestelik deur ’n baie moeilike tyd. Dinge gebeur met en rondom ons wat (1) ons nie verstaan nie; (2) verkeerd hanteer. Ek het in die Skrif gaan soek na mense wat ook deur sulke situasies gegaan het en ek glo dat dié Skrifgedeelte antwoorde op van die vrae gee.

Mense hanteer die lewe op verskillende maniere. Sommige mense staan sterk en ander val totaal uitmekaar omdat dinge vir hulle te veel raak. Want die lewe het die nuk om anders te ontwikkel as wat daar beplan is, dinge gebeur onverwags en ‘n mens is gewoonlik nie voorbereid op dit wat volg nie. Dit kan groot pyn in die lewe veroorsaak as ons in een bepaalde rigting beplan en die lewe vat ons onverwags in ‘n ander rigting. Wat vas staan, is dat die lewe hanteer moet word!
In die betrokke deel is daar 3 mense wat elkeen die lewe op sy eie manier hanteer. Elkeen van die mense kom voor iets te staan waarvoor hy/sy nie opgewasse is nie.*Aan elkeen het die Here sekere dinge gegee en dit ook met die tyd weggeneem.*

1. Agab

God vat weg wat Hy gegee het. Die droogte slaan Agab baie hard, want wat hy besit en oor jare bymekaar gemaak het is besig om voor sy oë te verdwyn. Onthou dat hy koning is en dat hy ‘n bepaalde lewenstandaard en ander dinge in stand moet hou – dinge soos ‘n weermag waarvoor hy sy perde broodnodig het. Kyk hoe hanteer hy die lewe: hy kry Obadja om kos vir sy diere te gaan soek. Sy mense is besig om dood te gaan van die honger maar hy is meer bekommerd oor sy donkies. Hy is koning en het uiteraard nie gebrek gely nie. Maar toe die probleem te naby aan sy lyf kom, begin hy planne maak om te behou wat hy het.

Ons doen dieselfde - besittings het ons afgode geword! Want ons leef in ‘n tyd waar ons gemeet word aan wat ons besit en wat ons bereik – en ons speel hierdie gevaarlike speletjie te gewillig saam! Ons mag dié dinge nie verloor nie. Ons doen baie moeite om ‘n bepaalde standaard in die lewe te skep en dit te handhaaf. Daarmee is nie noodwendig iets mee verkeerd nie, maar ons prioriteite is skeefgetrek. Want as ons ons prioriteitslys met die van God vergelyk is dit duidelik dat daar iewers fout is is.
Kyk maar hoe bou ons ons versameling donkies en muile op: ons beplan ‘n begroting haarfyn en koop dan met dit tot ons beskikking die maksimale wat ons kan bekostig, en ons kry swaar om al ons muile op stal te hou. Die geringste krisis kan daardie fyn balans uitgooi en mense in ‘n oorlewingstryd dompel en dit kos ons al hoe meer om alles in die lewe in stand te hou. Inteendeel, ons vertrou God om ons ten alle koste te help dat ons donkies asseblief tog nie moet vrek nie en as dit kan moet ons versameling groter gemaak word. Kyk maar hoe bid ons dat die Here ons dat dit altyd met ons goed moet gaan!

2. Elia

Hy is ‘n bywoner. Hy is ‘n arm man wat wat niks het nie – en wie niks het nie kan maklik waag omdat hy niks het om te verloor nie. Maar geestelik is hy ‘n reus want God praat met hierdie man en gebruik hom - o.a die droogte aan te kondig. Dis duidelik dat Elia weet dat God hom gebruik want hy is die hele tyd is beheer. Maar die Here neem ook by Elia met die een hand weg as Hy in die natuur ingryp en die droogte stuur. Dan gee Hy met die ander hand as Hy deur die kraaie en spruitjie kos en water voorsien. Dit moes soos manna uit die hemel vir Elia gewees het want dit was ideaal: hy moet vir Agab wegkruip en as arm man is daar nie plek in die arm land

nie. Die rivier was die volmaakte wegkruipplek. Maar Elia se geluk het nie lank gehou nie: die Here neem weer weg wat Hy gegee het en die spruit droog op en die kraaie raak weg. Elia moes bang gewees het want sy sekuriteit is weg. Die kans dat koning Agab hom sou kry was 100% en net ‘n kwessie van tyd.

- Die Here stroop hom van sy sekuriteit – sy blyplek en kos. Hy moes aanhou kyk in die oë van die Here vir hulp.

Die hulp kom in die vorm van iemand wat nog meer pateties is: ‘n weduwee.

3. Die weduwee

‘n Weduwee in daardie tyd het NIKS gehad nie. Daar was nie polisse en pensioen wat uitbetaal het nie en vrouens het nie gewerk nie. As die man sterf en daar is nie familie of ouer kinders om vir haar te sorg nie, is sy uitgelewer aan die gemeenskap. Maar soos altyd is die gemeenskap te besig om sy eie donkies te versorg en sy is aan haar eie lot oorgelaat. Niemand kon haar ook help nie want met die droogte was erg.

Hier is ‘n mens wat lewe gehad het en toe het die Here dit van haar weggeneem: haar man. Dis duidelik sy is jonk want haar kind is nog baie klein en die bitterheid teenoor die Here slaan uit in haar antwoord as Elia kos vra: “Ek het niks en ek en my kind is besig om dood te gaan” (17:12). Hierdie vrou is ontnugter: haar huweliksdrome het op niks uitgeloop nie en sy is uitgelewer aan armoede. Die vrese van ‘n ma wat liefhet en nie kan voorsien aan haar kind nie, spreek duidelik. Hierdie vrou het seergekry en sy het steeds seer. Dalk het sy nog die oggend gebid vir uitkoms en nou moet sy bitter ‘n laaste ete vir haar en haar kind voorberei. Dis duidelik sy beplan selfmoord.

- Die Here het weggevat wat Hy gegee het: haar man maar ook die middele wat sy nodig het om vir haar kind te sorg. Let op die vernedering in 17:12.

Maar hier is nog ‘n **vierde party** wat nie buite rekening gelaat mag word nie: GOD!

- Hy gryp in met Elia se lewe: Hy voorsien kos en blyplek. As Hy dit wegneem gee Hy op ‘n manier waaraan Elia nie eers gedink het nie. (Is Elia in 17:13 arrogant omdat Hy weet wat die Here gaan doen? Later stroop die Here hom van hierdie arrogansie!)
- Hy voorsien aan die vrou wat vroeër die dag nie geweet het of sy na bakboord of stuurboord moes gaan nie (17:15).

Let daarop dat nie een van die mense vooraf geweet het wat gaan gebeur nie en dat hulle die lewe moes instap met geloof en moes wag vir God om te werk. Dinge sou darem baie makliker in die lewe en geloof gewees het as ons vooraf alles kon weet en wat die oplossings sou wees vir probleme. *Dit is ook duidelik dat God **niemand** die seer en die vrese in die lewe spaar nie*. Want geloof is nie die dekmantel om oor alles te gooi en glimlaggend te wag dat die spanning gaan verdwyn en die maanskyn saam met die rose uitnodigend aan die lewe gaan kom klop nie! Mense en kerke wat dit wil vertel maak God iets wat Hy nie is en probeer goedkoop oplossings vir alles soek. Ja, natuurlik sorg die Here se vir sy kinders. Maar wie net vrede en voorspoed wil geniet is nie bereid om die hele pad van geloof saam met die Here te stap nie. Want die donkerte van die lewe is (onverklaarbaar!) deel van die lewe wat ons moet lewe: die Here spaar ons nie die woestyne van die lewe nie.

- In die ellendes van die lewe gee Hy uitkoms met hoop en krag.

Ook dit is nie die einde van die feëverhaal nie! Tipies soos dit met die lewe gaan en iemand dink dat dit vorentoe net goed sal gaan, bars die volgende bom en dikwels is die ellendes dan groter as die vorige keer. Hier is dit ook weer so: DIE HERE NEEM WEER WEG WAT HY GEGEE HET. Die vrou is aan flarde want die bietjie geluk

wat sy gehad het word ook nou van haar weggeneem: haar KIND sterf. Net iemand wat al ‘n kind aan die dood afgegee het sal weet wat in hierdie vrou se hart aangegaan het en sal haar verwarde reaksie in 17:18 verstaan. Sy is stukkend en die skerwe van so ‘n seer word nie sommer weer bymekaar gemaak nie. Daar is niks oor nie, veral nie 'n toekoms nie.

Elia is ook geskok en sy selfverserdheid is weg (17:20). Waar hy voorheen gemaklik op die Here kon wag is dinge skielik verskriklik deurmekaar. Let op sy worsteling met die Here in 17:20-21. “Here wat nou? U kan mos nie alles net so los en stomp laat eindig nie?”

- Die einde is weer mooi as die Here die mense se geloof antwoord en die kind terugkom uit die dood (17:23).

Is dit nie lekker as alles goed en mooi afloop nie en die Here ons gebede verhoor soos ons in die geloof gevra het!! Verhale daarvan is volop: hoeveel mense kan nie hul verhaal vertel hoe die Here hulle gesond gemaak het toe hulle tot die dood siek was; hoeveel mense kan nie getuig hoe die Here hul drome waar gemaak het en geluk vir hulle gegee het nie; hoeveel mense kan nie met geloof praat hoe die Here hulle uit die hel van pyn verlos het nie… Ja, dis wonderlik en goed (en maklik?) om so in die Here te jubel. Want die Here is goed vir ons en die toekoms lê oop!!

Maar wat van die baie kere waar gebid is en die Here anders gegee het en anders geantwoord het? Want die voorbeelde daarvan is net so baie (is hulle nie meer nie?!). Dis die dinge wat kan dreig om ‘n mens en alles wat jy glo uitmekaar te ruk. Want dis nie akademiese vrae wat dan gevra word nie, maar vrae wat uit die hart kom en antwoorde soek: “Hoekom ek… wat het ek gedoen…wat gaan van ons word…?”

- Want God gee baie dinge, maar Hy neem baie daarvan weg sonder om ‘n uitkoms en verduideliking te gee.

Hoekom?
Ek weet nie. Ek weet net dat God goed is en dat ons versigtig moet wees om alles te probeer verlaar en dikwels ‘n goedkoop antwoord vir dinge wil gee. Soos die jong kind wat op pad Potchefstroom toe verongeluk het en die mense aan haar ouers gesê dat die Here haar laat sterf het sodat ander mense “nader” aan die Here kon kom. Dis nie waar nie want God is nie ‘n sadis wat ‘n jong meisie vermoor om mense nader te trek nie – ek kom net by God uit deur die dood en opstanding van Jesus.
Wees ook versigtig om kortpad te kies en sommer weg te hardloop vir alles. Want daar is nie ‘n kortpad nie. Om jouself oor te gee aan depressie of nooit weer probleme in die oë te kyk nie en jouself te gaan afsonder los niks op nie. Om dinge te ignoreer is net so dom. Vinnig ryk word los ook niks op nie.

- Die lewe is vol probleme en jy sal die pad in geloof moet stap. Somtyds is dit maklik en ander kere is dit baie seer. Maar hy moet gestap word anders word hy vir jou gestap.

Want die Here is met jou op pad. Waarheen sal net die tyd leer en net somtyds gee die Here antwoorde en uitkomste en kan ons terugkyk en sê alles was die moeite werd. Meestal verstaan ons niks en dinge is nie die moeite werd nie - **maar God is steeds op pad.** Want ek weet dat ons krag kan kry om te jubel en voort te gaan met die lewe (Hab 3:17-19). Dit beteken nie om soos ‘n koning oorvloed te hê en geen gebrek te ly nie. Somtyds is dit wel so, maar meestal is dit om soos ‘n arm profeet en verstote

weduwee verward en bang te wag op die Here se sorg. Want om op die Here te wag beteken ook om te groot waag en baie te verloor.

Is dit nie wat Jesus kom doen het nie! Hy het nie oorvloed gehad nie en was nie ‘n belangrike man nie; Hy was nie aanvoerder van ‘n groot leër nie en het nie ‘n belangrike boek geskryf nie; Hy was nooit verder as 80km weg van sy geboortedorp nie en was nooit bekend as iemand wat vir Homself naam wou maak nie. Inteendeel; alles rondom Hom was ‘n vernedering en sy dood was onregverdig en wreed. Ja, op Golgotha was daar 3 kruise. Aan die middelste kruis het die Prins van die hemel gesterf. Deur sy bloed het daar versoening vir baie gekom en lewe vir miljoene. 2000 jaar lank al kring sy ryk uit. Tot in alle ewigheid. Want vir hierdie ryk is daar met bloed betaal, die bloed van die Lam wat dood was en nou leef tot in alle ewigheid.
Hy het hierdie dinge gedoen sodat daar vir ons krag kan kom om die lewe te hanteer. Nie om ons net gemaklik uit alles te kom haal nie, maar om ons krag te gee. Want daardie koninkryk wat Hy met bloed kom beseël het staan oop vir enigeen wat krag en ondersteuning soek.

Hoe hanteer ‘n mens die lewe en die omstandighede van die lewe? Ek weet nie. Uit die betrokke deel is egter 'n paar dinge af te lei:
As dit soos die koning is wat het en nie wil verloor nie omdat jy ten alle koste jou gerief in die lewe wil behou, moet jy weet dat dit nie gaan werk nie en dat alles die een of ander tyd in duie gaan stort. As jy bolangs met God besig is en ook net lippediens aan Hom bewys, gaan dinge ook die een of ander tyd deurval en jy gaan baie swaar kry. Want daar is nie ‘n innerlike krag waarop jy kan staan nie.
Maar as jou lewe in die Here se hande is en jy is bereid om op te kyk na die Here en daar jou krag te kry, sal jy rus en vrede kry. Dan kan jy sê jy jubel in God se krag en nie in die omstandighede nie. Dan is jy nie afhanklik van die nukke van die lewe nie want jy weet dat die Here somtyds deure toemaak en later vir jou ‘n venster oopmaak.

Maar jy moet wag tot daardie venster oopgaan. En as die venster nie oopgaan nie is dit ook maar goed so want die Here is steeds in beheer. Want ‘n krisis is daar vir suiwering – moenie daarvoor weghardloop nie. Dis ‘n geleentheid wat gegryp moet word en nie ‘n verleentheid mag word nie.
Daardie besonderse nag het Monica nooit geslaap nie. Sy het gebid vir haar seun: hy was op pad na Rome, die pruttelende pot waar alles wat sleg is aan die kook is. Haar seun mag nie soontoe gaan nie want daar sal hy nooit die Here leer ken nie. Maar terwyl sy nog gebid het, het die skip vertrek met Augustinus aan boord. God se antwoord op Monica se naggebed was NEE. Sy was baie onsteld, want sy het geweet haar liberale seun was uitgelewer aan die wolwe van die onderwêreld.
In Rome sou dinge vir Augustinus anders verloop: hier het hy Ambrosius ontmoet, die man hom na Christus sou lei. As Christen het hy later na Noord-Afrika teruggekeer. As een van die grootste kerkvaders van alle tye sou hy Jesus verkondig terwyl Rome ineenstort en hy sou die koers vir die toekoms van die kerk met sterk leierskap en ‘n geheiligde verstand aandui.

Die Here los sy kinders nooit uit nie. Al loop dinge te dikwels anders as wat ons dit wou gehad het, is God steeds aan die werk. Hou aan om in die Here se oë te kyk en soek sy leiding. Mag Hy jou die krag en die wysheid gee om staande te bly en aan Hom vas te hou.
Amen.